# "FILIPPUS EN DIE ETIOPIËR", HOMILETIESE AANTEKENINGE BY HANDELINGE 8:26-40

*Bertie du Plessis*

Die vertelling van Filippus en die Etiopiër is 'n belangrike hoofstuk in die geskiedenis van die uitbreiding van die evangelie. Iets van die nuutheid van die nuwe verbond kom hier aan die lig. Die klimaks van die vertelling is die doop van die Etiopiese amptenaar. Dit ver= seël die sprong wat gemaak is in die praktyk van die nuwe verbond. By 'n doopdiens kan die prediking uit dié perikoop duidelik maak wat inlywing in die *kerk* beteken.

Handelinge 8:26-40 is 'n episode in die breë vertelling van die Lukas-evangelie en Handelinge. Vir ons doel is net die konteks van die boek Handelinge ter sake.

Oppervlakkig beskou, val Handelinge in twee gedeeltes uiteen: 'n eerste, "Petrus-gedeelte" (tot hfst 12) en 'n tweede, "Paulus-gedeelte" (vanaf hfst 13 tot die einde). Noukeuriger bekyk, kan 'n mens twee hoof verhaaldrade onderskei n a v twee hoofgroepe karakters in Hande= linge. Aan die een kant is daar die apostels van die Arameestalige Jerusalemse gemeente. Aan die ander kant is dit die Griekssprekende Joodse Christene wat aanvanklik verteenwoordig word deur die sewe diakens - waaronder veral Stefanus - en uiteindelik, Paulus.

Dié twee groepe karakters verteenwoordig twee gedagtestrominge in die boek. Noordmans som dit soos volg op:

> Er is een radicaal christendom naast een meer gematigde houding. Men zou het kunnen noemen een los-van-de-tempel-beweging. Los van Jerusalem. Natuurlijk denk ik hier aan de lijn, die van Stefanus naar Paulus loopt ...
> (Noordmans, 1955:260)

Daar is sprake van konfrontasie tussen die twee strominge (Hand 15). Die opvatting van die Paulus-lyn voer uiteindelik die botoon.

Lukas se vertelling van die konflik is nie neutraal nie. Hy gee duidelik voorkeur aan die rigting van Stefanus-Paulus. Dit is nie

*Scriptura 4 (1981) pp 9-17*

net 'n stylkwessie nie. Dié voorkeur spreek uit die gebeurtenisse wat Lukas beskryf. Stefanus en Paulus is die enigste twee figure aan wie Jesus na sy hemelvaart weer verskyn as die Verhoogde. Hy verskyn nooit weer aan Petrus of die ander oorspronklike apostels nie. Dit is byna asof die verhoogde Jesus nie in die hemel kan bly terwyl sulke belangrike kwessies, soos dié waarby die Griekssprekende Joodse Christene betrokke is, op aarde besleg word nie. Jesus sanksioneer met sy optrede nie die persone van Stefanus en Paulus nie, maar dit waarvoor hulle staan. Ek haal Noordmans weer aan:

> Op die ogenblikken blijkt zijn regering het duidelijkst. Dan is Hij onmiddellijk bij de geschiedenis der gemeente betrokken. (1955:260).

Van hierdie rigting is Filippus 'n verteenwoordiger. Homileties is die punt belangrik. Dit gaan vir die gemeente ook om te kies of hulle hul (natuurlik binne húlle konteks) aan die rigting wil verbind waar die verhoogde Jesus se voorkeur so duidelik lê.

Die twee uiteenlopende opvattinge waarom dit by die twee groepe karakters gaan, is die houding t o v die nie-Jode - of wyer gestel teenoor diegene wat onder die ou bedeling uitgesluit is van volle deelname aan die godsdienstige bedrywighede van die Joodse godsdiens. Die konflik gaan in die eerste plek daaroor of daardie mense voor=werpe van die verkondiging van die evangelie mag word, dan of hulle ingesluit mag word in die gemeenskap van die volgelinge van Jesus (die kerk), daarna wat die sosiale vorm van die omgang met hulle moet wees ("besoek", "saam eet" - Hand 11:3) en ten slotte oor die manier waarop die mense van buite se godsdienstige gedrag met die Joodse godsdienstige praktyke, soos die besnydenis, moet ooreenstem. In al dié kwessies speel die suigkrag van die kultus in Jerusalem 'n negatiewe rol.

Die antwoord op die vraag wie lede is van die gemeenskap van Christus en wat hulle onderlinge verhouding tot mekaar is, is nie meteens duidelik nie, maar dit word eers gegee in die loop van die Handelinge-vertelling. Anders gesê: die plus wat die kerk meebring teenoor die ou volk Israel word eers gaandeweg duidelik. Ons episode is die punt waar dit die eerste helder deurflits. Die asemberowende van

dié onthulling moet deeglik in die prediking na vore gebring word. Tot en met Hand 8:26-40 bly die evangelie primêr 'n Joodse aangeleent=heid. Petrus se groot toespraak op Pinksterdag is nog glad nie die begin van die sending soos ons dit tradisioneel verstaan nie, want hy dink nog streng binne die perke van Israel:

> *Die hele Israel* moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak! (Hand 2:36 NV - my kursief).

'n Verruiming tree algaande in. Hand 8:4-25 vertel van Filippus ('n Griekssprekende Joodse Christen!) wat die evangelie aan die Samaritane bring. Binne die Joodse denkklimaat verteenwoordig dit 'n groot sprong - daarom word dit bewerkstellig deur een wat nie so gebonde is aan die Jerusalemse kultus nie - maar streng gesproke bly die evangelie steeds 'n Israelse aangeleentheid. Die insluiting van die Samaritaanse Christene herstel slegs die eenheid van die ou volk Israel: Juda en die tien stamme. In 'n sekere sin het die kerk nog nie tot stand gekom nie! Dit gebeur eers in die episode van die Etiopiese amptenaar. Dan word die grense vir insluiting in die ge=meenskap van Jesus eers wyer getrek.

Tot aan die einde van Hand 8:25 kring die gebeurtenisse nog binne die grense van Petrus se visie op Pinksterdag. Daarvolgens is die voort=gang van die evangelie veronderstel om net die konsekwente ontplooi=ing te wees van dit wat reeds gegee is. Al verandering wat tot dus=ver ingetree het teenoor Hand 1:6 (waar die dissipels die vraag stel oor die oomblik van die oprigting van die koninkryk van Israel) is dat daar afgesien is van 'n nuwe staatkundige vorm vir Israel. Dit is laat vaar ten gunste van 'n nuwe perspektief op Israel se gods=diens. Dié godsdiens bly egter steeds 'n *nasionale* godsdiens. Dit is eers in die episode van Filippus en die Etiopiese amptenaar dat die nuwe van die nuwe verbond deurbreek. Daarom is die episode nie net 'n episode naas ander episodes in Handelinge nie, maar verteen=woordig dit 'n spits in die hele verhaal.

Die episode word ingevoeg vóór Handelinge 10 met Petrus se ontmoeting met Kornelius. Dit bevestig dat die sprong in die wyer ruimte van die kerk die eerste keer gemaak is deur 'n verteenwoordiger van die

Stefanus-groep van Grieksspreekende Joodse Christene. Met hulle beweeg die evangelie op die voorpunt. Implisiet word die oproep tot die gemeente gemaak om hulle te vereenselwig met die pioniers=insig wat daarin uitgebeeld word.

Die belangrikheid van die episode word verder bevestig deurdat die stuk omlys word met 'n byna frenetiese handeling van die Gees. 'n Mens sou kon praat van 'n hiperaktiewe Gees wat die aandag trek op die nuwe wat hier gaan gebeur. Die episode begin met: "'n Engel van die Here het vir Filippus gesê ..." en teen die einde: "Toe hulle uit die water kom, het die Gees vir Filippus weggeneem". (Oor die slotfrase later meer.)

Die "nuwe" van die nuwe bedeling kom aan die lig vir 'n (waarskynlike) Hamiet uit die teenswoordige Soedan. Naas die kwessie van ras lyk vir my van belang dat hy 'n ontmande is. Die term *eunouchos* word vyf maal gebruik. Of die term in dié verband wel 'n ontmande be=teken, word soms betwis, o a deur Newman en Nida 1972:181:

> Although the word *eunuch* basically means "a man who has been emasculated", the word is often used in the Old Testament as a synonym for a high political or military official .... In some languages a literal equivalent of *eunuch* has such unfortunate connotations that in certain translations this type of reference has been omitted completely (w o die Nuwe Afrikaanse vertaling - B du P) and simply an equivalent of "offi=cial" has been employed.

Die "unfortunate connotations" is m i presies waarom dit gaan. Soos ons reeds gesien het, kom die episode voor in 'n verhaalstring waarin daar telkens gunstig besluit word oor diegene wat onder die ou bedeling - op watter manier dan ookal - uitgesluit is. Die feit dat hy 'n ontmande is, is in daardie opsig van groot belang. Volgens die op=dragte van die ou verbond kon 'n ontmande nie ten volle deel word van die kultiese bedrywighede van die Joodse godsdiens nie - vgl Deutero=nomium 23:1:

> Hy wat deur verbryseling vermink is of van wie die man=like deel afgesny is, mag in die vergadering van die Here nie kom nie.

Die amptenaar tree nie in dié episode op met verwysing na sy "posi= tion and prominence" nie (soos verderaan deur Newman en Nida beweer). Die "physical condition", sowel as die verwysing na sy herkoms, figu= reer teen die agtergrond van sy posisie as ongekwalifiseerd vir volle godsdienstige inskakeling onder die voorwaardes van die ou verbond. Die verwysings na die posisie en belangrikheid van die amptenaar be= klemtoon dit dat hy, ten spyte van soveel aansien, a g v sy gebrek onaanvaarbaar was vir die Joodse godsdiens.

Die feit dat die beampte 'n amptenaar van 'n vroulike vors was, ver= sterk verder die vermoede dat hy 'n ontmande was:

> Die Hofbeamten von Königinnen waren im Orient allgemein Eunuchen; auch gerade für hohe Finanzbeamten wurden nach antiken Zeugnissen solche bevorzugt. (Stählin, 1971:127).

Vir 'n ontmande was daar, vanuit die Joodse godsdiens, net die eska= tologiese troos van Jesaja 56:3-7. Stählin (1971:127) spekuleer:

> Vielleicht hatte er sich gerade deshalb das Buch des Propheten Jesaja als Reiselektüre für die lange Heim= fahrt mitgenommen ....

Interessant is dit dat daar in dié Jesaja-teks uitlander en ontmande as 't ware deurmekaar gevleg word en dit is juis dié twee aspekte wat in die figuur van die amptenaar saamval!

Jesaja 56:3-7 verdien om in die prediking uitvoerig aangehaal te word:

> En laat die uitlander wat hom by die HERE aangesluit het, nie spreek en sê: Die HERE sal my gewis afskei van sy volk nie; en laat die ontmande nie sê: Kyk, ek is 'n droë boom nie. Want so sê die HERE aan die ontmande wat my sabatte hou en verkies wat my behaag en vashou aan my verbond: Ek sal aan hulle in my huis en binnekant my mure 'n gedenkteken en 'n naam gee wat beter is as seuns en dogters; 'n ewige naam gee Ek aan hulle wat nie uitgeroei sal word nie. En die uitlanders wat hulle by die HERE aangesluit het, om Hom te dien en

> om die Naam van die HERE lief te hê deur sy knegte te wees - elkeen wat sy sabbat hou, sodat hy dit nie ont=heilig nie, en hulle wat vashou aan my verbond, hulle sal Ek bring na my heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed; hulle brandoffers en hulle slagoffers sal welgevallig wees op my altaar; want my huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke.

In dié passasie gaan dit oor 'n nuwe vorm van godsdienstige gemeen=skap wat beloof word. In dié opsig is die aangeleenthede wat in die Jesaja-gedeelte ter sprake kom, duidelik 'n deel van die breër konflik waarvan die episode oor die Etiopiese amptenaar 'n uitkristallisering is.

Van Filippus hoor die amptenaar dat Jesaja 53 in vervulling gegaan het met Jesus, d w s dat die voorwaardes nagekom is (by implikasie) wat die belofte van hfst 56 'n werklikheid maak.

In die ou vertalings (gebaseer op die vroeëre aanvaarde teks) het daar na vers 36 nog 'n vers 37 bygekom:

> Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart is dit geoor=loof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.

Filippus se antwoord is op die vraag van die amptenaar:

> Wat verhinder dat ek gedoop word?

Die invoeging in die ou vertalings laat dit klink asof die vraag ge=stel is om die aandag te vestig op *geloof* as die enigste vereiste vir inlywing in die gemeenskap van Jesus. Gesien teen die strominge waarby die episode ingebed is, lyk dit veel waarskynliker dat daar 'n ander, onuitgesproke bekommernis agter die vraag skuil: "Onder die ou bedeling kon ek nooit volkome deel word van die kultiese gemeen=skap nie. Met die doop sal ek in die godsdienstige gemeenskap van die volgelinge van Jesus ingeskakel word. Is my nie-Joodsheid en die feit dat ek 'n ontmande is, nou werklik geen beletsel meer daar=teen om ten volle lid te wees van die versameling van Jesus-volgelinge nie?" As bevestiging vir die interpretasie, vgl Petrus se opmerking aan sy mede-Joodse gelowiges aan huis van Kornelius (Hand 10:47).

Daar word die identiese vraag wat die amptenaar aan Filippus gestel het, retories deur Petrus gevra. Die doop van Kornelius en die ander nie-Jode kan volgens Petrus nie belet word nie, omdat hulle die Heilige Gees ook ontvang het. Dit beteken dat hulle ten volle deur God aanvaar is en daarom ook ten volle deur die Joodse Christene aanvaar moet word. Die doop is daarvan 'n uitbeelding.

Die vraag van die Etiopiese amptenaar het nog 'n verdere effek. Dit lig die doophandeling uit en maak dit meer as net die blote mededeling van die slot van die episode. Die doop is die klimaks van die epi= sode. Daar is meer op die spel as net die *verkondiging* van die evangelie aan die amptenaar. Verkondiging aan die "wat buite was" was onder die ou bedeling nie onmoontlik nie; die blote feit dat die Etiopiese amptenaar 'n pelgrimstog na Jerusalem onderneem het en dat hy hom besig gehou het met die boodskap van die Jesaja-boek, is immers 'n bewys daarvan. Wat nuut bykom is die onvoorwaardelike en totale inlywing in die godsdienstige gemeenskap as kultiese groep. Dit word deur die doop gesimboliseer.

Die doophandeling lyf die amptenaar in in die nuwe godsdienstige samelewingsvorm wat gekom het met die evangelie van Jesus Christus. Hy is daarby ingelyf deur 'n Grieksspreekende Joodse Christen-diaken wat hier - om dit beeldend uit te druk - op 'n narratiewe plofpunt die werklike nuutheid van die nuwe bedeling aan die lig laat kom.

Op pad na Gasa het die verkondigers van die Christelike evangelie 'n sprong gemaak. Met dié sprong is daar uit beweeg uit die baan van 'n Joodse nasionalistiese godsdiens op die patroon van die ou ver= bond en is daar vir die eerste keer te lande gekom in 'n nuwe ruimte - die bestaansruimte van die uiteindelike nuwe-testamentiese kerk.

Ek gebruik met opset die woord "ruimte". Laat my verduidelik. Die slot van die episode word gevorm deur die vermelding van 'n eien= aardige en selfs steurende wondergebeurtenis: Die Gees neem Filippus weg en hy word later in Asdod aangetref. Die beskrywing wek die indruk van ruimtelike disjunksie. 'n Beeld word geskep van Filippus wat opeens etlike kilometers uitmekaar van plek verwissel. Na my mening sal die prediker wat verleë oor dié beskrywing heen spring, 'n

fout begaan. Hy kan dit liewer - enigsins spelenderwys - gebruik as 'n konkrete illustrasie van die enorme eksplosiewe krag wat daar in die gebeurtenis van die doop van die Etiopiese amptenaar sit. Dit bied vir die prediker treffende moontlikhede om nog eens, homileties sy punt te maak.

Die aanknopingspunt is presies die "swewende", "gewiglose" indruk wat Filippus se ruimtelike verplasing maak. Die onvermoë van die skrywer-waarnemer, Lukas, om die ruimtes waardeur Filippus beweeg, presies te sien, is 'n illustrasie van die feit dat hy met die doop van die amptenaar vir 'n oomblik werklik 'n vreemde ruimte betree het: die nuwe, en tot op daardie oomblik, ongerepte terrein van 'n nuwe vorm van saambestaan: die kerk. Die "swewende" krag van die Gees is 'n simbool vir die ruimte van die geloofsgemeenskap waarin die gewone en normale verskille tussen mense, wat verwydering teweegbring, hul swaartekrag verloor en 'n nuwe band hulle bind.

Ten slotte nog: met sy abrupte vertrek herinner Filippus se rol in dié episode aan die rol wat die engele tradisioneel gespeel het in die Ou en Nuwe Testament by die deurbraak van nuwe en deurslaggewende gebeurtenisse (vgl Westermann, 1978:83-88).

Uit elke hoek belig die episode die buitengewone belang daarvan dat met Jesus 'n *nuwe* verband tussen mense geskep word, waarvan die snoer=ende krag groter is as die middelpuntvlietende magte. Die Etiopiese amptenaar was m b t die oue dubbeld ongekwalifiseerd vir volledige opname in die geloofsgemeenskap. Sy opname deur die doop illustreer dat daar nou werklik geen skeidende faktor kan wees wat swaarder weeg as binding nie. 'n Wesenlike karakteristiek van die kerk is daarmee gegee, nie net 'n addendum nie. Al die fasette van die stuk in Hand 8:26-40 beklemtoon dat wat daar gebeur nie maar net 'n toevallige besonderheid is nie, maar dat die doop van die Etiopiese amptenaar gebeur met die volle momentum van die "openbaringsgeskiedenis" daar=agter.

Dit beteken kortweg dat die debat oor wie toegelaat mag word tot eredienste en wie nie, wie tot 'n sekere kerkverband mag behoort en

wie nie - as dit op enige ander basis as die geloof in Jesus Christus besleg word - reeds byna twee duisend jaar antikwaries is.

*LITERATUURLYS*

Newman, Barclay M en Nida, Eugene A 1972 *A Translator's Handbook on the Acts of the Apostles*, London: United Bible Societies.

Noordmans, O 1955 *Gestalte en Geest*, Amsterdam: Holland Uit=geversmaatschappij.

Stählin, Gustav 1971 "Die Apostelgeschichte", in: *Das Neue Testa=ment Deutsch*, Zweiter Band. Göttingen: Vandenhoeck und Ruprecht.

Westermann, Claus 1978 *Gottes Engel brauchen keine Flügel*, Stuttgart: Kreuz Verlag.